GESPREK TUSSEN LANDBOU EN BEWARING WORD HIER AANGEMOEDIG

Oudtshoorn speel die eerste week in Augustus gasheer vir ‘n groot aantal wetenskaplikes, bewaringskundiges, en belangstellendes wanneer die “Interfaces 2008” kongres hier aangebied word. Hierdie kongres se tema is “Linkages across biomes”, en is gefokus op omgewingsake binne die Fynbos- en Karoo-gebiede.

Twee forums wat gewoonlik afsonderlik aangebied word, word met hierdie kongres in ons tuisdorp vir die heel eerste keer saamgesnoer. Die Fynbos Forum (FF) spreek bewaringskwessies aan in die Fynbos Bioom (of die Kaapse Floristiese Koninkryk, soos dit ook bekend staan), en die “Arid Zone Ecologically Forum” (of AZEF) spreek kwessies aan in die droë gebiede van ons land soos die Sukkulente Karoo, of die Vetplantkaroo, soos ons dit plaaslik noem. “Interfaces 2008” is dus `n geskiedkundige geleentheid!

Formatted: German (Germany)

Formatted: German (Germany)

Oudtshoorn huisves ‘n Wêreld Erfenisgebied (die Swartberge) – een van 8 in Suid-Afrika! - en word internasionaal erken as biodiversiteit-brandpunt, aangesien 3 bedreigde biome in hierdie omgewing voorkom.

Oudtshoorn is ook die tuiste van die volstruisboer, en toenemend ook die wilds-boer, terwyl ander boerderye (soos skaap en bees en gewasse) reeds jare lank hier gevestig is. Die groei in eko- en agritoerisme in hierdie omgewing spreek van die toenemende praktyk om ons natuurlike hulpbronne effektief en volhoubaar te benut. Dit wek ook kwessies van volhoubare produksie, ekonomiese gewin en hoe mens en natuur voortdurend hand-aan-hand saamleef.

Daar is nie noodwending `n groot gaping tussen landbou en natuurbewaring nie. Talle inisiatiewe getuig van suksesvolle samewerking tussen die twee sektore. Voorbeelde sluit onder andere in, die Blou Kraanvoël Projek, die Biodiversiteit-en-Wyn Inisiatief, en CapeNature se Voogdyskap Program waar privaat eiendom as bewaringsgebiede geregistreer kan word. Vir baie grondgebruikers is die natuur immers deel van `n kultuur wat die bewaring en koestering van die omgewing insluit. Op die lang termyn hang die welstand en volhoubaarheid van `n boerdery af van die grondgebruiker se vermoë om as voogdy van die grond en ander natuurlike hulpbronne op te tree. By “Interfaces 2008” sal veral gepraat word oor die verwantskap tussen bewaring en benutting in hierdie konteks, en kan grondgebruikers uit die gebied en navorsers opinies deel en gedagtes uitruil oor hoe hulle hierdie kwessies benader.

Om munt te slaan uit die groep bewaringskundiges wat in ons dorp sal wees, word daar op 5 Augustus 2008 ‘n geleentheid geskep vir boere in die omgewing om met hierdie kundiges in gesprek te tree.

‘n Program is opgestel (sien advertensie) waar twee sprekers met bewaringsagtergrond aanbiedings gaan doen, en twee plaaslike boere gaan vertel hoe hulle sukses behaal met omgewingsvriendelike praktyke in hul

boerderye. Gesprek sal gevoer word oor bewaring en benutting van natuurlike hulpbronne, en hoe hierdie delikate balans gehandhaaf kan word. Boere wat vrae het wat hulle aan navorsers en natuurbewaarders wil stel, sal hier die geleentheid gebied word om dit te doen. Navorsers sal ook baat vind by die insae en ervarings van boere in die omgewing.

Hierdie geleentheid is natuurlik nie beperk tot die landbou- en bewaringsektore nie – enigeen wat wil deelneem is welkom! Ons wil werklik gesprek, leerprosesse en kennis-uitruil aanmoedig – as u wil saampraat of net kom luister, kom loer gerus in!

Ter wille van spyseniering moet u asseblief registreer by Yvette Lötter voor 1 Augustus, by 044 272 4480 of bio2@saobc.co.za.